

22 Desember

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20 (OAV)

Fokusgedeelte: Efesiërs 6:16

Ware geloof as skild teen Satan se aanslae

As gelowiges hoof ons nie angsbevange en verskrik te wees vir Satan se aanslae nie, want daar is in God se wapenrusting 'n skild wat die brandpyle van die bose kan afweer en uitblus. Efesiërs 6;16 noem dit "die skild van die geloof". Die soldate het destyds in hul wapenrusting 'n skild gebruik wat die hele liggaam beskerm het. Die skild was van hout gemaak en met leer oorgetrek. Die leer is voor 'n geveg natgemaak. As so 'n brandpyl op die soldaat afgeskiet is, het hy die pyl met die skild voor hom opgevang. Die vogtige leer het die brandpyl geblus sodat die pyl nie 'n diep wond of brandwond kon veroorsaak nie.

Die Here het aan sy kinders so 'n skild gegee om die bose se brandpyle af te keer en te blus. Ons skild is die ware saligmakende geloof. Dit is die geloof wat 'n gewisse kennis van God en 'n vaste vertrouwe op Hom is. Dit is die geloof waardeur ons Christus en sy weldade omhels en wat ons laat vashou aan die beloftes van God se Woord. Dit is die geloof wat ons in die stryd daarop wys dat Christus die oorwinnaar oor die bose is. Dit is die geloof wat die Heilige Gees in ons werk. Teenoor die aanslag van elke vurige Satanspyl staan hierdie skild van geloof wat die pyl van Satan kan afkeer en uitblus.

God se opdrag geld nog elke dag vir ons in hierdie stryd teen die bose: "... neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bese sal kan uitblus."

Sing: Skrifberyming 53:3 Ds CJJ Putter (Ficksburg)